Verwysing: 20201007-8585
Lêerno.: 13/16/1/2
Navrae: Distriksassesseringskoördineerders en Senior Kurrikulumbeplanners

Kurrikulum- en assesseringsbestuursminuut: 0004/2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Vakadviseurs en Prinsipale van alle gewone openbare en privaatskole

Onderwerp: Implementering van formatiewe assessering in die algemene onderwys en opleidings (AOO) -band

1. Die Departement van Onderwys het nasionale Assesseringsomsendbrief 03 van 2020 (Bylae A), met 29 September 2020 as datum, uitgereik. Hierdie nasionale omsendbrief gee leiding oor die implementering van formatiewe assessering.

2. Omsendbrief 03 van 2020 (Bylae A) gee leiding oor die implementering van formatiewe assessering gedurende die onderrig- en leerproses. Die doel daarvan is ook om te verseker dat daar duidelikheid oor en 'n gedeelde begrip van die implementering van formatiewe assessering is.

3. 'n Nasionale strategie vir die ondersteuning en opleiding van amptenare en onderwysers oor die implementering van formatiewe assessering en hoe om summatiewe data vir formatiewe doeleindes te gebruik, sal later gestuur word. Dit sal die uitreiking van 'n uitvoeriger en praktieser opleidingsgids aan skole en die opleiding van onderwysers insluit.

4. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement het 'n riglyn asook 'n reeks inligtingsgrafika saamgestel om onderwysers te ondersteun met die verbetering van leerassesseringsuitvoering. Toegang daartoe kan via die e-Portaal by https://wcedeportal.co.za/eresource/138126 verkry word. Bemiddeling van hierdie riglyne sal in 2021 'n aanvang neem.

5. Formatiewe assessering moet in die onderrig- en leerproses geïntegreer word. Die insameling van bewyse wat deur formatiewe sowel as summatiewe take voortgebring word, behoort inligting te verskaf oor die oorhoofse bevordering van 'n leerder na die volgende graad.

6. Prinsipale word vriendelik versoek om die inhoud van hierdie minuut met alle onderwysers te deel.

GETEKEN: H MAHOMED
WAARNEMENDE ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2020-10-13